KORPORATIEWE NUUSBRIEF

SEESA
Labour Law, BEE & Skills for business

SEPTEMBER 2010

Geagte SEESA Kliënt

In hierdie nuusbrief sal ons na die volgende onderwerpe kyk:

	BLADSY
BSEB - MARITIEME VERVOER- EN DIENSTE-INDUSTRIE	1
MEIBC – NUWE INDUSTRIE-LOONKOERSE VIR DIE TYDPERK 01 JULIE 2010 – 30 JUNIE 2011	2
GASVRYHEIDSEKTOR – LOONVERHOGING	3
'N BETER BEGRIP VAN DIE WET OP VERBRUIKERSBESKERMING	4

BSEB - MARITIEME VERVOER- EN DIENSTE-INDUSTRIE

Die Maritieme Vervoerindustrie (Maritime Transport Industry - MTI) sal fundamentele veranderings ondergaan as gevolg van die Vervoersektor-kode wat onlangs uitgevaardig is.

Dit kan verwarrend wees om te bepaal of jou besigheid binne hierdie sektor val aangesien verskeie sub-kategorieë van toepassing is.

Die Maritieme Vervoerindustrie word dikwels geassosieer met skeepvaartlyne wat betrokke is by die vervoer van vrag, met inbegrip van verwante diensverskaffers. Ekonomiese bedrywighede in Suid-Afrika wat 'n verhouding met die see deel sluit in die volgende:

1) Ondernemings betrokke by die marine vervoer van vrag en verwante hulpdienste;

2) Ondernemings betrokke by die vervaardiging, voorsiening, instandhouding en herstel van maritieme toerusting, insluitend skeepvaart;

3) Die kommersiële hawe-stelsel en owerhede verantwoordelik vir die voorsiening en bedryf van navigasie-hulpmiddele, insluitend vuurtorings;

4) Instellings betrokke by reddings-, herwinning- en anti-besoedelingsaksies;

5) Staatsdepartemente en -agentskappe betrokke by internasionale maritieme verhoudinge, die administrasie van maritieme veiligheid, die beskerming en bewaring van die marine-omgewing en wetstoepassing binne Suid-Afrika se aflandige jurisdiksie; en

6) Instellings betrokke by marine- en maritieme opvoeding, opleiding en hulpmiddele.

Die volgende aktiwiteite wat deel uitmaak van die Maritieme Vervoerindustrie, soos breedweg omskryf, word uitgesluit:

1) Ondernemings betrokke by die ontginning van hernubare en nie-hernubare mariene hulpbronne;

2) Die marine-toerisme bedryf; en

3) Die vloot (seemag).

Identifisering van die betrokke sub-sektor van die Vervoersektor-kode wat van toepassing op jou besigheid is, is soms nie so maklik as wat jy aanvanklik gedink het nie.

SEESA sal jou help om te bepaal in watter sektor jou besigheid val, ons sal jou ook ingelig hou oor die jongste veranderings in die Sektor-kodes van toepassing op jou bedryf en jou adviseer oor hoe om jou puntetelling te verbeter.

MEIBC - NUWE INDUSTRIE-LOONKOERSE VIR DIE TYDPERK 01 JULIE 2010 – 30 JUNIE 2011

Ingevolge die loon-model soos per die Industrie-skikkingsooreenkoms (aangekondig per Staatskennisgewing R899 in Staatskoerant 32555 gedateer 11 September 2009), sal industrie-loonkoerse **styg met tussen 7.1% en 8.1% met ingang van 1 Julie 2010.**

NUWE INDUSTRIE-LOONKOERSE
Verhogings van tussen 7.1% en 8.1% vir koerse A tot H

Verwys asseblief na die aangehegte skedules vir die nuwe minimum algemene en sekondêre loonkoerse.

Die verhogings kan verreken word teen enige interim-verhogings op of ná 1 Julie 2010.

Enige werknemer wat meer as die gespesifiseerde minimum loon verdien moet die persentasie verhoging soos hierbó genoem ontvang, gebaseer op die werklike bedrag wat vir 'n bepaalde graad verdien word.

Let wel: Die sperdatum vir loonvrystelling-aansoeke was 31 Julie 2010.

Vir verdere inligting, skakel gerus die MEIBC-streekskantoor in u area, of besoek die raad se webtuiste by www.meibc.co.za.

METAAL- EN INGENIEURSINDUSTRIE BEDINGINGSRAAD LOONKOERSE VIR DIE TYDPERK 1 JUNIE 2010 TOT 30 JUNIE 2011

Met ingang van 1 Julie 2010

1. Algemene Loonverhogings

Koers	Huidige Minimum Loonkoers R s	Verhoging in Werklike en Geskeduleerde Loonkoerse	Verhoging in Geskeduleerde Loonkoerse R s	Nuwe Minimum Loonkoerse R s
A	42.34	7.10%	3.01	45.35
AA (6)	40.07	7.18%	2.88	42.95
AA (begin)	37.97	7.27%	2.76	40.73
AB	35.94	7.35%	2.64	38.58
B	34.05	7.43%	2.53	36.58
C	32.49	7.52%	2.44	34.93
D	31.54	7.60%	2.40	33.94
DD	28.98	7.68%	2.23	31.21
DDD	27.46	7.77%	2.13	29.59
E	25.99	7.85%	2.04	28.03
F	24.66	7.93%	1.96	26.62
G	23.30	8.02%	1.87	25.17
H	22.06	8.10%	1.79	23.85
		Watter ookal die grootste persoonlike verhoging is		

2. Elektriese Kabel (Skedule F)

Koers	Huidige Minimum Loonkoers R s	Verhoging in Werklike en Geskeduleerde Loonkoerse	Verhoging in Geskeduleerde Loonkoerse R s	Nuwe Minimum Loonkoerse R s
Koers Z	42.34	7.10%	3.01	45.35
Koers Y	33.08	7.20%	2.38	35.46
Groep IX	31.17	7.30%	2.28	33.45
VIII	30.15	7.40%	2.23	32.38
VII	29.01	7.50%	2.18	31.19
VI	27.95	7.60%	2.12	30.07
V	26.87	7.70%	2.07	28.94
IV	25.81	7.80%	2.01	27.82
III	25.09	7.90%	1.98	27.07
II	24.16	8.00%	1.93	26.09
I	23.40	8.10%	1.90	25.30
		Watter ookal die grootste persoonlike verhoging is		

3. Bou-ingenieurswese

Koers	Huidige Minimum Loonkoers R s	Verhoging in Werklike en Geskeduleerde Loonkoerse	Verhoging in Geskeduleerde Loonkoerse R s	Nuwe Minimum Loonkoerse R s
5	42.34	7.10%	3.01	45.35
4	38.33	7.35%	2.82	41.15
3	32.71	7.60%	2.49	35.20
2	26.63	7.85%	2.09	28.72
1	22.06	8.10%	1.79	23.85
1(a)	18.20	8.10%	1.47	19.67
		Watter ookal die grootste persoonlike verhoging is		

4. Vakleerlinge

Jaar	Huidige Minimum Loonkoers R s	Verhoging in Werklike Loonkoerse	Verhoging in Minimum Weeklikse Loonkoerse	Nuwe Minimum Weeklikse Loonkoerse R s
1ste Jaar	R837	7.10%	59.00	896.00
2de Jaar	R923	7.10%	66.00	989.00
3de Jaar	R1 100	7.10%	78.00	1 178.00
4de Jaar	R1 629	7.10%	116.00	1 745.00
		Watter ookal die grootste persoonlike verhoging is		

5. Vyf-graad Skedule

Graad	Huidige Minimum Loonkoers R s	Verhoging in Werklike en Geskeduleerde Loonkoerse	Verhoging in Geskeduleerde Loonkoerse R s	Nuwe Minimum Loonkoerse R s
5	42.34	7.10%	3.01	45.35
4	36.47	7.10%	2.59	39.06
3	31.40	7.10%	2.23	33.63
2	27.04	7.10%	1.92	28.96
1	23.29	7.10%	1.92	24.94
		Watter ookal die grootste persoonlike verhoging is		

6. Voertuigbestuurders

Koers	Hoofooreenkoms-simbool	Huidige Loonkoers R s	Verhoging in Werklike en Geskeduleerde Koerse	Verhoging in Geskeduleerde Koerse R s	Nuwe Minimum Loonkoerse R s
Vurk-hyswa	F	24.66	7.93%	1.96	26.62
Kode 08	E	25.99	7.85%	2.04	28.03
Kodes 10 & 11	DD	28.98	7.68%	2.23	31.21
Kodes 13 & 14	C	32.49	7.52%	2.44	34.93
		Watter ookal die grootste persoonlike verhoging is			

Hek- en Heiningvervaardiging (Divisie D/7)

Koers	Huidige Minimum Loonkoers R s	Verhoging in Werklike en Geskeduleerde Loonkoerse	Verhoging in Geskeduleerde Loonkoerse R s	Nuwe Minimum Loonkoerse R s
B	22.13	7.43%	1.64	24.77
C	21.29	7.59%	1.61	22.89
D	20.84	7.72%	1.61	22.45
DDD	20.70	7.77%	1.61	22.31
E	20.67	7.74%	1.60	22.27
F	19.73	7.93%	1.56	21.29
G	18.66	8.02%	1.50	20.16
H	16.56	8.10%	1.34	17.90
		Watter ookal die grootste persoonlike verhoging is		

7. Bylaag H: Spesiale Voorsiening vir Konstruksieterreine gedek deur 'n Projekarbeidsooreenkoms (Project Labour Agreement - PLA)

Graad	Huidige Minimum Loonkoers R s	Verhoging in Werklike en Geskeduleerde Loonkoerse	Verhoging in Geskeduleerde Loonkoerse R s	Nuwe Minimum Loonkoerse R s
5	42.34	7.10%	3.01	45.35
4	38.33	7.35%	2.82	41.15
3	32.71	7.60%	2.49	35.20
2	26.63	7.85%	2.09	28.72
2(a)	21.88	7.90%	1.73	23.61
2	13.50	8.10%	1.09	14.59
1(a)	12.21	8.10%	0.99	13.20
		Watter ookal die grootste persoonlike verhoging is		

GASVRYHEIDSEKTOR - LOONVERHOGING

BASIC CONDITIONS OF EMPLOYMENT ACT, NO 75 OF 1997

AMENDMENT OF SECTORAL DETERMINATION 14: HOSPITALITY SECTOR, SOUTH AFRICA

"Ek, Membathisi Mphumzi Shepherd Mdladlana, Minister van Arbeid, wysig hiermee ingevolge die Wet op Basiese Voorwaardes vir Indiensneming, 75 van 1997, die Sektorale Vasstelling 14: Gasvryheidsektor, Suid-Afrika, soos aangekondig in die Staatskoerannr. 29885 van 15 Mei 2007 volgens die skedule hierby aangeheg en spesifiseer 1 Julie 2010 as die datum waarop hierdie wysiging bindend sal word."

Bron: *Staatskoerant*, 11 Junie 2010, Volume 540, Nommer 33291

SKEDULE:

7. **Vervang loontabelle 1 en 2 in klousule 2 in die Staatskoerantnr. 29885, R.437 met die volgende loontabelle:**

TABEL 1:

Minimumlone vir werkgewers met 10 of minder werknemers								
Minimumkoers vir die tydperk			Minimumkoers vir die tydperk			Minimumkoers vir die tydperk		
1 Julie 2010 tot 30 Junie 2011			1 Julie 2011 tot 30 Junie 2012			1 Julie 2012 tot 30 Junie 2013		
K.p.m	K.p.w	K.p.u	K.p.m	K.p.m	K.p.u	K.p.m	K.p.w	K.p.u
R1 981.48	R457.30	R10.17	Vorige Minimumloon + VPI + 1 %			Vorige Minimumloon + VPI + 1 %		

TABEL 2:

Minimumlone vir werkgewers met meer as 10 werknemers								
Minimumkoers vir die tydperk			Minimumkoers vir die tydperk			Minimumkoers vir die tydperk		
1 Julie 2010 tot 30 Junie 2011			1 Julie 2011 tot 30 Junie 2012			1 Julie 2012 tot 30 Junie 2013		
K.p.m	K.p.w	K.p.u	K.p.m	K.p.m	K.p.u	K.p.m	K.p.w	K.p.u
R2 209.00	R509.83	R11.33	Vorige Minimumloon + VPI + 1 %			Vorige Minimumloon + VPI + 1 %		

'N BETER BEGRIP VAN DIE WET OP VERBRUIKERBESKERMING

Produkaanspreeklikheid kan ernstige risiko's inhou vir produsente, invoerders, verspreiders en kleinhandelaars van goedere.

Artikel 61 van die Wet het 'n beduidende impak waar die verbruiker skade ly as gevolg van onveilige of defektiewe goedere. Hierdie artikel bepaal dat produsente, invoerders, verspreiders en kleinhandelaars aanspreeklik gehou sal word vir enige skade as gevolg van die verskaffing van onveilige goedere, 'n produkfout, 'n defektiewe of riskante produk, of onvoldoende aanwysings vir die gebruik van goedere of gebrekkige waarskuwings ten opsigte van enige moontlike risiko wat met die produk geassosieer kan word.

Dit het 'n regstreekse impak op produk-etikettering en handelbeskrywings, wat beteken dat produsente, invoerders, verspreiders en kleinhandelaars sal moet verseker dat behoorlike gebruiksinstruksies en waarskuwings van potensiële gevare aangebring word, aangesien dit 'n eis wat deur 'n verbruiker ingestel word kan beperk.

Dit is belangrik om daarop te let dat een van die grootste veranderings wat die Wet op Verbruikersbekerming meebring verband hou met die bepaling in hierdie artikel dat produsente, invoerders, verspreiders en kleinhandelaars aanspreeklik gehou sal word vir skade wat veroorsaak word deur onveilige of defektiewe goedere, ongeag of die skade die gevolg was van hul nalatigheid. Dit beteken dat die verbruiker nie meer hoef te bewys dat die skade wat gely is weens defektiewe goedere, die gevolg was van die produsent, invoerder, verspreider of kleinhandelaar se nalatigheid nie. Die onus berus nou op die produsent, invoerder, verspreider of kleinhandelaar om te bewys dat hulle nie verantwoordelik was nie en daarom ook nie aanspreeklik is vir die skade nie.

Die Wet op Verbruikersbeskerming bepaal dat 'n verbuiker die produsent, invoerder, verspreider, kleinhandelaar of 'n diens-verskaffer wat die goedere installeer of voorsien, gesamentlik of afsonderlik, aanspreeklik mag hou. Die verbruiker mag skade eis ten aansien van sterfte, besering, siekte, skade aan eiendom, of enige ekonomiese verlies as gevolg van sterfte, besering, siekte of verlies van of skade aan eiendom.